



## Bepalings en Voorwaardes vir koshuisplasing in 2023

Die bepalinge in hierdie dokument stel die voorwaardes vir die aanvaarding van jou koshuishuisplek in 2023. Lees dit asseblief sorgvuldig deur voordat jy jou gereserveerde plek aanvaar.

**Let wel:** Studente wat vir die program MBChB, Verpleeg- en Verloskunde, Fisioterapie sowel as Dieetkunde gekeur word, gaan nie in koshuise op die Stellenboschkampus tuis nie. **Koshuisplasings op Tygerbergkampus** vind eers plaas sodra die keuringsproses afgehandel is.

### 1. Betaling van 'n aanvaardingsbedrag vir koshuisplasing

- 1.1 Wanneer jy die aanvaardingsbedrag van **R8 200** binne 30 kalenderdae betaal, bevestig jy dat jy jou plek in die koshuis sowel as die bepalinge en voorwaardes in hierdie dokument aanvaar.
- 1.2 Jy moet ook toegelaat word vir 'n program aan die Universiteit om koshuisplasing te kry en uiteindelik registreer om jou plek in die koshuis in 2023 op te neem.
- 1.3 **Suid-Afrikaanse Studente:** Die Universiteit beskou die aanvaardingsbedrag as **deel van die 1ste verpligte paaient** vir koshuisverblyf. Die volle eerste paaient vir jou koshuisverblyf is betaalbaar by registrasie.
- 1.4 **Internasionale Studente:** Die universiteit se internasionale kantoor beskou die aanvaardingsbedrag as deel van hul verpligte eerste paaient vir koshuisgeld. Die volle 1ste paaient vir koshuisgeld van R25 000 en etekwota van R15 000 is by registrasie betaalbaar. Besoek “[www.sun.ac.za/international](http://www.sun.ac.za/international) > international students > fees” vir meer inligting oor fooie vir internasionale studente. Sodra jou verpligte aanvaardingsbedrag van R8 200 vir koshuis op jou studenterekening reflekteer, kan jy 'n bevestigingsbrief van verblyf vir visum-aansoekdoeleindes by [interhouse@sun.ac.za](mailto:interhouse@sun.ac.za) versoek.
- 1.5 Indien ons nie jou aanvaardingsbedrag teen die sperdatum ontvang nie, sal ons ongelukkig jou voorlopig gereserveerde koshuisplek moet kanselleer.
- 1.6 **Finansiële behoefte:** Indien jy **finansiële bystand op grond van behoefte** ontvang, kan jy van die aanvaardingsbedrag vrygestel word. Wanneer 'n bewys van hierdie beurs getoon word, kan jy (op grond van die plekke beskikbaar) vir plasing oorweeg

word. Jy kan ook 'n motivering met bewys van finansiële behoefte aan [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) stuur.

1.7 Die bankbesonderhede vir betaling van die aanvaardingsbedrag is soos volg:

<b>Kontantdeposito's:</b> Bank: Standard Bank Rekeningnaam: US - Studentegelde Rekeningnommer: 06 316 3225 Tak: Stellenbosch Takkode: 05 06 10 Swift kode: SBZAZAJJ	<b>Aanlyn betaling per kredietkaart :</b> Gaan na <a href="http://www.sun.ac.za">www.sun.ac.za</a> Kliek op <b>Studente</b> Kliek op <b>Gelde</b> Kliek op <b>Betalingsopsies</b>
<ul style="list-style-type: none"><li>- Gebruik asseblief jou US studentenommer (eerste agt syfers) as verwysing en e-pos die bewys van betaling na <a href="mailto:studentegelde@sun.ac.za">studentegelde@sun.ac.za</a></li><li>- Vir meer inligting oor betalingsopsies, sien Addendum A.</li></ul>	

## 2. Plasing en oorplasing van studente

- 2.1 Alhoewel die Universiteit vroeër in die jaar reeds koshuisplekke voorlopig reserveer op die Stellenboschkampus en 'n aanvaardingsbedrag vereis, word voornemende studente eers in **September** in spesifieke koshuise geplaas. Let wel, vir die Tygerbergkampus geskied hierdie proses later in die jaar na keuring afgehandel is.
- 2.2 Die koshuis waarin jy geplaas word, sal op [www.maties.com](http://www.maties.com) onder jou "Aansoekstatus" verskyn en jy sal ook 'n plasingsbrief ontvang.
- 2.3 Indien jy in enige stadium nie meer in 'n koshuisplek belang stel nie, kanselleer asseblief jou aansoek deur 'n e-pos na [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) te stuur. Lees meer oor kansellering in paragraaf 3.
- 2.4 Die volgende is verdere belangrike inligting met betrekking tot jou plasing in 'n universiteitskoshuis:
  - 2.4.1 Koshuisplek is beperk en onderworpe aan 'n keuringsproses. Daar is dus geen waarborg dat jy 'n plek in die koshuis van jou keuse sal kry nie. Die beleid is beskikbaar op die webtuiste vir voornemende studente by [www.maties.com](http://www.maties.com) ('Verblyf').
  - 2.4.2 Ons streef daarna om in al ons koshuise diversiteit te bevorder en studente uit verskillende agtergronde eweredig oor koshuise te versprei. Daarom volg ons die riglyne van die koshuisplasingsbeleid en **kan ons ongelukkig geen oorplasings na ander koshuise oorweeg nie.**
  - 2.4.3 As jy nie in een van jou voorkeurkoshuise geplaas word nie, beteken dit dat die kategorie waaronder jy in daardie koshuis geplaas sou word, reeds vol is.
  - 2.4.4 Daar is GEEN enkelkamers vir eerstejaars beskikbaar nie, behalwe in Majuba en Metanoia.
  - 2.4.5 Die Universiteit oorweeg slegs senior studente vir studentehuse en Universiteitswoonstelle. Jy sal dus nie in jou eerste jaar in hierdie huise/woonstelle kan tuis gaan nie.

- 2.4.6 Koshuisplasing is altyd **voorwaardelik**. Dit waarborg nie toelating tot die Universiteit nie. As jy byvoorbeeld dalk nie aan die einde van graad 12 aan die Universiteit se toelatingsvereistes voldoen nie, sal enige aanbod om koshuisplasing verval.
- 2.4.7 Let wel, voortsetting van verblyf geskied nie outomaties nie. Studente moet elke jaar weer aanlyn aansoek doen vir koshuisplek op [my.sun.ac.za](http://my.sun.ac.za). Die kriteria vir terugplasing word volgens die koshuisplasingbeleid hanteer.
- 2.4.8 Ons behou die reg om, sonder om redes te verskaf:
- te weier om 'n student in universiteitsbehuising op te neem;
  - enige student se verblyf in universiteitsbehuising met een week kennisgewing te kanselleer; en
- 2.4.9 Na gelang van die Universiteit se bedryfsbehoefte, kan ons studente vir 'n gedeelte van die jaar (soos vir die tweede eksamenleentehede) na 'n ander koshuis verskuif.
- 2.4.10 Gedurende die Junie- en Desember-vakansie word koshuiskamers ten volle ontruim op Stellenboschkampus. Waar moontlik, sal die koshuis vir die Junie-vakansie stoorplek vir jou besittings voorsien, maar ongelukkig nie vir Desember nie.
- 2.4.11 Daar is baie min parkeerplek op kampus. Senior studente kry voorkeur wanneer koshuisparkeerplek en parkeerplek op straat toegewys word.
- 2.4.12 Vir meer inligting oor die plasingproses, lees asseblief deur die amptelike koshuisplasingbeleid en bestuursriglyne by [www.maties.com](http://www.maties.com)

### 3. Kansellasië van koshuisplek

- 3.1 Kansellasië van koshuisverblyf word slegs aanvaar indien dit skriftelik gedoen word. Indien jy jou koshuisverblyf wil kanselleer, moet jy 'n e-pos na [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) stuur, met vermelding van jou studentenummer en rede vir kansellasië. Sonder so 'n kennisgewing sal jy ongelukkig nie vir enige moontlike terugbetaling van die aanvaardingsbedrag in aanmerking kom nie.
- 3.2 Die Universiteit sal die datum van ontvangs van jou skriftelike kennisgewing as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde geld gebruik.
- 3.3 In geval van kansellasië van koshuisverblyf, hanteer ons die aanvaardingsbedrag soos volg:
- 3.3.1 Indien jy voor of op 31 Oktober van die aansoekjaar kanselleer, sal jy die volle koshuisaanvaardingsbedrag terugontvang.
- 3.3.2 Indien jy ná 31 Oktober van die aansoekjaar kanselleer, sal die Universiteit jou 'n kansellasiëfooi van R900 vra.
- 3.3.3 Indien jy 'n week nadat die NSS-resultate beskikbaar gestel word aan die begin van die akademiese jaar kanselleer, sal jy **ongelukkig die volle aanvaardingsbedrag verbeur**.
- 3.3.4 Indien jy nie teen die begin van die verwelkomingsprogram opdaag nie, sal jy ook die volle aanvaardingsbedrag verbeur en sal die Universiteit ook jou koshuisplek kanselleer.

- 3.3.5 Indien jy nie toelating tot jou studieprogram kry nie of weens omstandighede buite jou beheer nie die koshuisplek kan gebruik waarvoor jy reeds die vereiste aanvaardingsbedrag betaal het nie, kan jy skriftelik aansoek doen dat ons die aanvaardingsbedrag terugbetaal. Hiervoor moet jy 'n volledig gemotiveerde brief aan die Koshuisplasingkantoor rig en dit na [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) stuur.
- 3.3.6 Onthou egter, die besluit om enige geld terug te betaal, berus by die Universiteit.
- 3.3.7 Koshuisplek word vir die volle akademiese jaar toegeken. Indien jy jou verblyf gedurende die akademiese jaar kanselleer, moet 'n kansellasiefooi van 30% van die uitstaande verblyfgeld vir die jaar betaal word.

#### **4. Koshuis- en verblyfreëls**

- 4.1 Die koshuis- en verblyfreëls word op die webwerf vir voornemende studente gepubliseer ([www.maties.com](http://www.maties.com)) sowel as op die studenteplatform by [my.sun.ac.za](http://my.sun.ac.za).
- 4.2 Dit bly die student se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle die koshuis en verblyf reëls en prosedures verstaan.

## UNIVERSITEIT STELLENBOSCH BANK NOU BY STANDARD BANK

Hierdie dien as bevestiging van die verandering van bankbesonderhede vir die Universiteit Stellenbosch. Betaal jou rekening deur een van die volgende metodes:

### 1. Betalings direk in die Universiteit se bankrekening

Rekeningnaam : US - Studentegelde  
Bank : Standard Bank  
Tak : Stellenbosch  
Takkode : 050610  
Rekeningnommer : 063163225  
Swift-kode : SBZAZAJJ  
Verwysing : Studentenommer

### 2. Kredietkaart web betalings

Gaan na [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za)  
Kliek op **Studente**  
Kliek op **Gelde**  
Kliek op **Betalingsopsies**

### Internetbetalings vanaf Standard Bank

Kies Betalings, Betaal Begunstigde, en kies: “Voeg nuwe begunstigde by”;  
Onder Besigheidsgids, kies: “Maatskappy”;  
Sleutel die begunstigde se naam in: **Universiteit Stellenbosch** en kliek Soek; Kies:  
**Universiteit Stellenbosch – Studentegeld**; Begunstigde besonderhede/verwysings:  
Onthou om **Stellenbosch Universiteit** onder “My besonderhede, My verwysing” in te sleutel;  
Begunstigde verwysing: **Studentenommer**

### Selfoonbankdienste vanaf Standard Bank

As jy nie alreeds selfoonbankdienste gebruik nie, bel net \*120\*2345# met jou selfoon en volg die maklike stappe om te registreer. Sodra jy geregistreer het, maak die selfoon toepassing oop en volg die stappe om jou Stellenbosch Universiteitsrekening te betaal:

Stap 1: Druk 6 vir **Rekeningbetalings**  
Stap 2: Druk 1 om 'n betaling te maak  
Stap 3: Kies die rekening waarvan jy wil betaal  
Stap 4: Druk 3 vir die kategorie diensverskaffer: **Onderwys**  
Stap 5: Kies 0 vir **Meer**  
Stap 6: Kies 1- **Universiteit van Stellenbosch**  
Stap 7: Sleutel die bedrag in wat jy wil betaal  
Stap 8: Sleutel u begunstigde se verwysing in: **Studentenommer**  
Stap 9: Bevestig jou betalingsbesonderhede

E-pos die deposito strokie of bewys van betaling na:- [studentegelde@sun.ac.za](mailto:studentegelde@sun.ac.za)

Vir enige navrae kontak asseblief studentegelde by [studentegelde@sun.ac.za](mailto:studentegelde@sun.ac.za) of 021 808 4521/4913.

Afdeling Studentegelde